Ek ken nie die groep jeugdiges nie, omdat hulle vanaf Sharpeville afkomstig is. Twee jeugdiges onder die groep is egter te Boipatong woonagtig. Ek ken hulle as 'n ene LERATO en MAFATSI. Hulle is broers. Ek ken nie die adres waar hulle bly nie, maar weet waar hulle huis is. Nadat die jeugdiges die erf verlaat het, het ek onmiddellik na Sebokeng gegaan waar ek by my familie te Gebied 17 Sebokeng gaan bly het.

Op oggend van 1992-06-19 het ek teruggegaan na my woning te Boipatong. Daar het ek gehoor dat my broer se huis te 636 Barolongstraat Boipatong afgebrand is. Ek is onmiddellik terug na Sebokeng om die voorval te Sebokeng polisiestasie aan te meld. Oppad het ek 'n groep weermag lede raakgeloop wie my na hulle kantore te Groep 17 geneem het. Ons het met 'n Kolonel daar gepraat wie ons na die polisie te Vereeniging laat neem het. Op 1992-06-18 toe ek by my huis weg is, is ek eers na Assistent konstabel Joseph Sello wat saam met my werk, waarop ons by familie gaan slaap het. Ek is saam met hom terug Boipatong toe, toe ek verneem het dat my broer se huis gebrand het. Assistent Konstabel Sello is woonagtig te Matolostraat Boipatong. Gedurende die probleme te Boipatong het ek nie vir konstabel Sello gesien nie.

Ek ken nie die persone im die wit oorpakke nie, maar hulle is lede van Inkatha omdat hulle altyd rooi lappe om hulle koppe dra as hulle gaan baklei. Ek kan nie sê watter taal hulle gepraat het nie, maar het slegs die woorde "IMINIYETHU" gehoor wat in die Zulu taal beteken "Die dag van ons".

Dit is al wat ek weet.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

(GETEKEN)
N M XABA

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy ten volle op hoogte is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring te VEREENIGING op 1992-06-19 om 18:15.

(GETEKEN)
KOMMISSARIS VAN EDE

PAUL ANDRIES DE KLERK

S A POLISIE
h/v STANLEY EN VOORTREKKERSTR
VEREENIGING

KAPTEIN : S A POLISIE

G.P.-S. A 1049 P. 21 81/143198

Ntsietsa Moster XABA

Verklaar.

Ek is 'n Zulu man, 21 jaar oud. ID 710111 5520 081 'n assistent konstabel verbonde aan die Evaton Munisipale Polisie Eenheid, Evaton en woonagtig te 641 Majolastraat, Boipatong mag No. 0921445-3.

Op 1992-06-17 om ongeveer 20:00 het ek gaan slaap in 'n Zozo hut op die erf van 641 Majolastraat, Boipatong.

Om ongeveer 23:00 het ek wakker geword as gevolg van die aanhoudende geklap van skote van 'n AK 47 geweer. Ek het na buite gegaan en die gedreun van 'n Caspir voertuig se enjin gehoor. Ek het twee swart mans in die straat voor die huis sien verbybeweeg. Ek het gesien dat beide van die swart mans wit oorpakke aangehad het asook rooi lappe om hul koppe gebind. Beide het AK 47 gewere gehad en het skote in die lug gevuur. Ek het by die huis se kombuisdeur geklop omdat ek gedink het dat die twee swart mans my soek. Ek het gedink dat een van die swart mans 'n ene George is van wie ek voorheen 'n AK 47 geweer afgevat het en aan die polisie oorhandig het. Vermelde George sou gesê het dat hy

Moster Xaba

sy wapen terugsoek.

Ek het daarna twee polisiemanne in kamoefleurdrag aan die oorkant van die straat, wat te voet langs die Caspir beweeg het, opgemerk.

Niemand het die kombuisdeur oopgemaak nie waarop ek teruggekeer het na die Zozo hut en die deur toegemaak het. Ek het weer outomatiese geweervuur gehoor wat geklink het asof dit van 'n ander straat kom. Ek het uitgegaan en by die hek van die erf gaan staan. Ek het links in die straat af gekyk en die Caspir voertuie op die hoek in Sekoastraat sien verbygaan. Huis 641 Majolastraat is ongeveer die elfde huis van die hoek af, m.a.w. van Sekoastraat af. Op my regter kant, ongeveer ses huise verder, het ek ongeveer vyftig (50) swart mans, geklee in wit oorpakke en rooi lappe om die kop, opgemerk in die straat. Vermelde persone het in 'n huis te Majolastraat ingegaan waarop ek skote gehoor het. Ek het onmiddellik teruggeweeg na die Zozo hut. Meeste van vermelde persone het A47 gewere gehad, ander het kieries, assegaaie en spiese gehad. Ek het baie groot geskrik en myself in die Zozo hut toegesluit. Ek het nie weer uitgegaan nie en gaan slaap.

Bloste Pala

Die volgende oggend (1992-06-18) om ongeveer 07:00 het my ma my wakker gemaak en gesê ek moet kom kyk, die mense is doodgemaak. Ek het opgestaan en na die huis gegaan waar ek die groep die vorige dag opgemerk het. Ek het gehoor dat die man van die huis doodgeskiet is. Die van, van die mense is LEROBANE.

Terwyl ek by die huis was het baie mense opgedaag om te kom kyk. Ek het gesien dat 'n Caspir voertuig in die straat afkom, in die rigting van die huis. Die mense by die huis, wat daar saamgedrom het, het weggehardloop. Ek het die skoot van 'n vuurgeweer gehoor vanaf die Caspir se kant en gesien hoedat 'n kind ongeveer 16 jaar oud val. Ek het weggehardloop en by die hek van my huis gaan staan. Ek het opgemerk dat die kind op die oor raakgeskiet is. Ek kan nie onthou of dit die linker of regter oor is nie. Na ongeveer 20 minute het die ambulans afgekom waarop hulle die kind opgehelp het en die kind na die ambulans geloop het. Ek ken die kind wat raakgeskiet is glad nie en weet ook nie waar die kind bly nie.

Terwyl ek by die hek gestaan het, het ek 'n groep van ongeveer 20 jeugdiges

[signature]

in die pad, Majolastraat, in die rigting van my huis teen hom. Ek het in die Zozo hut gaan wegkruip en my suster die kamer van buite slaat sluit. Die jongelinge het in die erf ingekom en vir my suster gevra waar ek is. Sy het hulle meegedeel dat ek nie daar is nie en dat sy nie weet waar ek is nie. Hulle het haar meegedeel dat hulle vir my of my vuurwapen wil hê. Indien hulle nie vir my of my vuurwapen kry nie gaan hulle my huis aan die brand steek. Ek ken nie die groep jongelinge nie omdat hulle vanaf Sharpeville afkomstig is. Twee jongelinge onder die groep is egter te Boipatong woonagtig. Ek ken hulle as ene LERATO en MAFATSI. Hulle is broers. Ek ken nie die adres waar hulle bly nie, maar weet waar hulle huise is. Nadat die jongelinge die erf verlaat het, het ek onmiddellik na Sebokeng ~~Polisiestasie~~ gegaan. Waar ek by my familie te Gebied 17, Sebokeng gaan bly het.

Op oggend van 1992-06-19 het ek teruggegaan na my woning te Boipatong. Daar het ek gehoor dat my broer se huis te 636 Barolongstr. Boipatong afgebrand is. Ek is onmiddellik terug na Sebokeng om die voorval te Sebokeng Polisiestasie

[signature]

aan te meld. Op pad het ek 'n groep weermagslede raakgeloop wie my na hulle kantore te Groep 17 geneem het. Ons het met 'n Kolonel daar gepraat wie ons na die polisie te Vereeniging laat neem het. Op 1992-06-18 toe ek by my huis weg is, is ek eers by assistent konstabel Joseph SELLO wat saam met my werk. waarop ons by familie gaan slaap het. Ek is saam met hom terug Boipatong toe, toe ek verneem het dat my broer se huis gebrand het. Asp. Konst SELLO is woonagtig te Matolo Str. Boipatong. Gedurende die probleme te Boipatong het ek nie vir Konst. SELLO gesien nie.

Ek ~~weet~~ ken nie ~~wie~~ die persone nie die wit oorpakke nie maar hulle is lede van Inkatha omdat hulle altyd rooi lappe om hulle koppe dra as hulle gaan baklei. Ek kan nie sê watter taal hulle gepraat het nie, maar het slegs die woorde "iminiyethu" gehoor wat ~~bet~~ in die Zulu taal beteken "die dag van ons".

Dit is al wat ek weet.

Ek is vertroud met die inhoud

[signature]

van die verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

1992-06-19. [signature] 0921445-3 Asst. Konst.
Vereeniging. 0921445-3 N.M. XABA.

Bostaande verklaring deur my geneem.
[signature] Kapt.
P.A. DE KLERK.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring te Vereeniging op 19 Junie 1992 om 18h15.

[signature] Kapt.
Paul Andries DE KLERK.
Suid Afrikaanse Polisie
h/v. Stanley en Voortrekkerstraat
Vereeniging
Kaptein.

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.